HOOP TE MIDDE VAN HOPELOOSHEID, uit Psalm 42: 1 - 5

Inleiding
Soos die meeste klaagliedere, is Psalm 42 ook ‘n vreemde kombinasie waar die skynbare afwesigheid van die Here in ‘n hartseer situasie bekla word, maar dat die klaaglied steeds gerig word *aan die God wat afwesig skyn te wees*. Daar is geen twyfel dat die digter ‘n hartseer afstand van God af ervaar nie, maar hy kom nogtans nie tot die gevolgtrekking dat daar geen God is nie. Dit maak nie saak hoe desperaat die digters van die klaagliedere in die Bybel was nie – om agnosties of ateïsties te raak, was nie ‘n opsie wat eers oorweeg is nie.

Die feit dat God so ver voel, so afsydig teenoor sy gebede, so afwesig te midde van sy nood en behoefte aan redding, is die oorsaak van sy klagte en depressie. Dié klagte is egter slegs moontlik, omdat hy glo in ‘n God wat liefhet en wat regverdig en heilig is. Die feit dat dié geloof vas staan vir hom, maak sy ervaring van God-verlatenheid moontlik, maar maak dit ook soveel meer onverstaanbaar, onaanvaarbaar en pynlik.

DEPRESSIE EN GOD-VERLATENHEID
Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. Ek dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek gaan en voor God verskyn? Psalm 42:2 & 3

Wanneer ons deur episodes van hopeloosheid gaan, het gelowiges dikwels dié ervaring van God-verlatenheid. Die belewenis het niks te doen met enige iets wat by die Here verander het nie. Dit het alles te doen met die manier waarop ons nou dink en wat ons eie gevoelens vir ons voorskryf. Dit is natuurlik nie waar dat God verder van ons af is nie; dit het met ons onvermoë te doen, te midde van groot ongelukkigheid en hartseer, om God raak te sien en sy genadige hand te ervaar.

Ons was almal daar! Die ervaring dat ons teen die plafon vas bid, dat ons net nie lus is om God te aanbid en te loof en kerk toe te gaan nie en dat die Bybel so droog soos houtskaafsels geword het en dat geen groenigheid, geestelike voeding of troos daarin gevind kan word nie, het die meeste van ons beleef. Dit gaan ook oor ‘n irritasie met mense vir wie dit so “maklik” is om naby God te wees en sy stem so duidelik te hoor. Dan kom die skuldgevoelens: “Hoekom is my geloof tog so klein – miskien moet ek God net met baie meer toewyding dien…”

Maar dit lyk nie of dit werk nie. En tog, diep hierbinne weet ek dat ek God nodig het. Ek voel soos ‘n wildsbok aan ‘n ketting: naby genoeg aan die water om dit sien en te ruik, en tog te ver om die bitter dors in die droë, warm woestynson te les. In geloof weet ek God is die antwoord, en tog verlang ek met ‘n skynbare doodsdors daarna om God in my lewe te kan raaksien. Dis of ek en God net nie bymekaar kan uitkom nie, en dit alles te midde van my intense hartseer, hopeloosheid en magteloosheid.

As jy al daar was, of dalk nou daar is, skep moed! Jy is nie alleen nie. Deur die eeue ervaar gelowiges dié pynlike depressie. Jou ervaring is in die Bybel weergegee as een van die menslike ervarings wat gelowiges soms het. Die Psalmdigter het so gevoel, Dawid het by geleentheid ook so gevoel, en die magtige profeet Elia ook. En wat van Jesus in Getsemane?
Ander kinders van die Here het al dié pad geloop, hulle dors is geles en hulle het weer vrede ervaar.

TRANE EN GODVERLATENHEID
Dag en nag is ek in trane, want sonder ophou sê hulle vir my: "En waar is jou God nou?" Psalms 42:4

"Ek huil al die tyd" sê baie mense as hulle kom raad vra oor depressie en ‘n gevoel van God-verlatenheid. “Dag en nag huil ek; my slaappatrone is omvergegooi en ek het nie eetlus nie”, gaan saam met die klagte.

Om te huil kan natuurlik goed wees en partykeer genesing bespoedig. Maar as ek vasgeval het in ‘n eindelose kringloop van trane waaruit ek skynbaar nie weer kan kom nie, dan het ek hulp nodig. Dan is die trane nie meer gesond en natuurlik nie.

As dit iemand is wat as gelowige bekend is, kom ook die laster en venyn van ander daarby om my verder te tart en by my hartseer by te voeg. “Waar is jou God nou” vra hulle, omdat ek dalk gesê het ek gaan iets met die hulp van God aanpak, en dit het nie uitgewerk nie, of ek ervaar ernstige terugslae en party mense glo dis ‘n teken van straf en ‘n teken daarvan dat ek die genade “verloor het”. Daar is iets wat byna feesviering genoem kan word by die ongelowige wêreld, as dit sleg gaan met ‘n Christen. “Wat help al jou kerk toe gaan, gebede en Bybelstudie en al jou vroomheid en heiligheid jou nou”, spot hulle!

Sulke teleurstellings is dikwels die oorsaak van depressie. Ons het groot verwagtings en daar kom niks van nie. Die intensiteit is selfs meer as dit by herhaling gebeur. Ons verstaan nie wat God doen nie. Ons voel Hy het ons verlaat.

Maar die Bybel ken hierdie gevoelens. Selfs ‘n gesangedigter en sangleier van die tempel het dit oorgekom. Binne in die tempel gebeur dit met iemand wat “in die bediening” is. God weet van hierdie gevoelens as sy mense dit oorkom. Hy verstaan dit. Psalm 42 is maar net een van die bewyse dat dit so is.

GELOWIGE HERINNERINGE EN VREDE
By die tyd dat ons klaar is met vers 4, is hierdie bybelblad papnat van die digter se trane. Ons begin amper dink hy gaan nooit weer vrede vind nie. By die diepste punt van verdriet en jammerklag, kom die draaipunt by vers 5. Dit kan ook jou draaipunt te wees.

As ek my lewe voor my laat verbygaan, dink ek daaraan hoe ek opgetrek het na die woonplek van God, voor 'n skare uit na sy huis toe geloop het met gejuig en lofsang -- 'n skare wat feesvier. Psalm 42:5
Die 1933 vertaling sê “hieraan wil ek dink” en sommige Engelse vertalings sê, “I remember”…

Wat die digter “onthou” wat “voor hom verby gaan”, bring ‘n ligstraal te midde van die donkerte en laat hoop sigbaar word, te midde van pynlike, hopelose, magtelose wanhoop. God is skynbaar vir hom makliker sigbaar in sy herinneringe aan sy gemeenskap met God, as wat dit in sy ervaring van die dag is waarop hy hierdie gedig skryf. Dit los nie alles op nie - daar kom nog bitter woorde hierna – maar dit help. Die onthou van beter dae saam met die Here, verander niks aan sy omstandighede nie; en tog verander dit alles!

As hy terugdink aan gelukkiger dae in die tempel, dan glo die digter hy sal weer vir God sing. Hy verklaar dat dié God wat hy as deel van ‘n mooi en liefdevolle, lofprysende verhouding met die Here onthou, weer sy rusplek en sy bron van hoop sal wees. Miskien nie vandag al nie, maar *op ‘n dag* sal dit weer so wees.

Sterrekykers sê dat dit makliker is om ‘n dowwe ster raak te sien as jy nie direk daarna staar nie, maar na die plek net langsaan kyk. Dis makliker vir die periferale visie om die dowwe ster raak te sien. Miskien werk dit ook so met die geloofsoog. Wanneer God te “dof” geraak het vir ons om raak te sien, en ons kyk weg van hierdie oomblik af, na ons geloofservarings van gister, dan kom die Here weer in sig, al is dit net in die periferale visie van die hart. Maar dit bied ‘n druppel water op die droë tong van geloofsdors en worsteling te midde van pyn en hartseer. Selfs die skrapse sien van God se werklikheid in my geloofsbelewenis van die verlede, word ‘n klein mosterdsaad van geloof, waaruit daar weer ‘n boom kan groei wat koelte gee, en selfs rusplek vir ander.

Hoe werk dit, wonder mens. Is dit regtig so maklik?
Die gedagte is nie vreemd aan die Ou Testamentiese geloofservaring nie! Dink maar aan al die feeste, wat elkeen vir die OT gelowige ‘n “herinnering” was: aan God se bevryding uit die Egipte-slawerny, aan God se aankondiging van sy wet en sy magtige stem by Sinaï, aan die inwyding van die tempel en elke ander magtige daad van God in die geskiedenis van Israel. Geloof het juis beteken om te onthou wat God gedoen het en te weet dat Hy nie verander het nie en weer dieselfde kan en wil doen vir sy verbondsmense.

Dan kom Jesus in die nag waarop Hy verraai is, te midde van die OT se Pasga-onthou, en sê: “Dié beker is die nuwe verbond in my bloed! Drink almal daaruit tot my gedagtenis!”

Die nuwe verbond bring nuwe herinneringe. Die korporatiewe geheue van die kerk onthou die gebroke liggaam en gestorte bloed van Golgotha as ons al vir 2000 jaar gehoorsaam brood breek en wyn drink, en dit doen ter wille daarvan om te kan onthou wat God in Christus Jesus vir ons gedoen het.

> *Die herontdekking van ons hoop en van ‘n geloofsoog wat God tog kan sien, is geleë in die onthou van sy dade van redding en die gawe van geloof wat ek iewers langs die pad ontvang het, en wat daartoe gelei het dat ek ook vir God kon sing en Hom kon loof en prys.*
> *Dit lê ook in die herinneringe wat ek met die res van die liggaam van Christus deel: van ‘n Verlosser aan ‘n kruis, ‘n oop graf en van tonge van vuur wat krag, moed en lewe gee!*

Christene het nie net in ‘n gerieflike kerk soos ons s’n, of in luukse katedrale van Jesus se reddingswerk onthou nie, maar ook in die katakombes van vervolging deur die Rome van Nero en ander in die beginjare, of op vlug voor die soldate van Rome in die bitter vervolging van die tyd van die reformasie. Die dade van God word vandag onthou, iewers onder ‘n boom, in ‘n bitter arm “village” op ons kontinent, wat tog so gepla is met hartseer, dood, pandemie, oorlog en vervolging! In dié onthou, lê steeds die saad van geloof wat die Gees plant, as ons gehoorsaam aan die Heiland, Hom onthou totdat Hy kom.

Toepassing.
Of jy op die oomblik die lof van God kan besing met dieselfde warm vuur en entoesiasme van vroeër, en of dit maar net ‘n dowwe lig is wat weer sigbaar geword het vandag, Psalm 42 leer en moedig ons aan om te verwag dat ons tog weer so sal sing. Dit leer dat ons weer in die teenwoordigheid van God bemagtig sal word om ons uitdagings aan te pak en ons teleurstellings en rou te verwerk. Daar kom ‘n dag waarin ons, te midde van die pyn, nie meer depressief sal wees nie, omdat ons dors na die teenwoordigheid van God weer geles is.

Of daar nou vandag ‘n huppel in jou stap, of ‘n knop in jou keel is, jy word opgeroep om te onthou! Terwyl jy dit doen, sal jy sien dat ons diens aan die Here nie maar net ‘n herinnering aan ‘n dooie held is nie, maar ‘n fees oor die krag en genade van ‘n lewende Here!

Jy sal uiteindelik kan sien dat al is jou gesig nat van die trane, dit nie dié water is wat troos nie, maar dat daar troos is in jou doopwater waarin Christus jou vir God afgesonder het deur die werk van die Heilige Gees. Onthou jou inlywing in die kerk van Christus en al sy beloftes van redding, genade en vervulling met die Heilige Gees! Onthou Golgotha en die oop graf! Want as jy Jesus onthou deur die genadevolle werk van die Heilige Gees, sal jy ook onthou om weer die God van jou verlossing, jou Here en jou Redder, te prys.

Dit is die woord van God.
In die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.
Amen.

Enige kommentaar op hierdie preekskets kan aan Andries Combrink by info@cpk.co.za gestuur word.
Erkenning aan die EmmDevs van Theo Groeneveld, Emmanuel Presby Kerk, ten opsigte van sommige van die gedagtes in die eerste 2 hoofpunte van hierdie preekskets.